

KERK EN SAMELEWING 1990

'N GETUIENIS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

SOOS AANVAAR DEUR DIE
ALGEMENE SINODE
VAN DIE
NED GEREF KERK

OKTOBER 1990

KERK EN SAMELEWING

'n Getuienis van die Ned Geref Kerk

Uitgegee deur die Algemene Sinodale Kommissie

Versprei deur Pro Christo-Publikasies
Posbus 19 Bloemfontein 9300

Geset in 9 op 10 punt Univers

Gedruk en gebind deur die
N.G. Sendingpers Bloemfontein 9301

Eerste uitgawe 1986
Hersiene uitgawe 1990

ISBN 1 86804 107 7

VOORWOORD

Kerkwerk is mensewerk. Daarom is dit nooit finaal afgehandel nie.

Met die beleidstuk *Kerk en Samelewing* het die Algemene Sinode van Kaapstad in 1986 die eerste moedige tree gegee om 'n ongelukkige beeld van die Ned Geref Kerk af te skud. Daardie dokument het meer as rimpelings aan die oppervlak veroorsaak. Maar die werk wat daarmee begin is, het voortgegaan.

Daar is geluister na mekaar en na advies van buite. Daar is veral weer geluister na die Heilige Skrif. Daar is geweeg en geselekteer, gestudeer en geformuleer – in gesprekke en vergaderings, in kommissies en in die Sinode self.

Die Algemene Sinode van Bloemfontein bied met die hersiene dokument *Kerk en Samelewing 1990* die vrug van sy verdere besinning aan as getuienis van sy siening op die roeping van die kerk - in 'n tyd wat gelaai is met nuwe uitdagings. Die Ned Geref Kerk bied dit ook aan as teken van sy integriteit, as riglyne vir sy lidmate en as uitnodiging tot gesprek met die ekumeniese gemeenskap - met die een gebed in ons harte dat ons ook langs die weg die koninkryk van Christus dien.

P C Potgieter
Moderator, Algemene Sinode 1990

Bloemfontein
Oktober 1990

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	1
HOOFSTUK 1: PRINSIPIËLE VERANTWOORDING	2
1. Inleidende opmerkings	2
1.1 Voortgaande besinning	2
1.2 Die Bybel is die kerk se enigste maatstaf	3
1.3 Die Bybel na sy eie aard vertolk	3
1.4 Dit gaan in die Bybel oor God en sy koninkryk	3
2. Die kerk: sy wese en sy roeping	4
2.1 Die kerk is 'n unieke skepping van	4
2.2 Die wese van die kerk word deur die Woord bepaal	5
2.3 Die kerk is 'n geloofs-, belydenis- en aanbidingsgemeenskap	6
2.4 Die kerk is 'n missionêre (sendingbedrywende) gemeenskap	7
2.5 Die kerk is 'n diakonale (dienende) gemeenskap	8
2.6 Die kerk is 'n universele gemeenskap	9
2.7 Die kerk is 'n versoende gemeenskap	10
2.8 Die kerk is 'n venster na God se komende nuwe wêreld	10
2.9 Die kerk is een in God Drie-enig	11
3. Die kerk en groepverhoudings	14
Die Bybelse beskouing oor die mens en menseverhoudinge	14
3.1 Ras en volk in die Skrif	14
3.3 Die verhouding kerk, volk en volkere	17
3.4 Bybels-etiese riglyne vir mede-menslike en groepverhoudings	19
3.5 Die verantwoordelikheid van die kerk ten opsigte van groepverhoudings	30
HOOFSTUK 2: ENKELE PRAKTIESE IMPLIKASIES	33
1. Inleidende opmerking	33
2. Die Ned Geref Kerk en die kerklike situasie in Suider-Afrika	33
2.1 Die Ned Geref Kerk as deel van die volk van van God	33
2.2 Die Ned Geref Kerk en die Familie van Ned Geref Kerke	33
2.3 Die drie Afrikaanse kerke	34
2.4 Ekumeniese verhoudings	35
2.5 Toeganklikheid van die Ned Geref Kerkverband	35

3. Die Ned Geref Kerk en enkele praktiese aangeleenthede	35
3.1 Kerklidmaatskap	35
3.2 Legitimasie en beroepbaarheid van evangeliedienaars	36
3.3 Besoekers en gesamentlike byeenkomste	36
4. Die taak van die Ned Geref Kerk in Suidelike Afrika	37
4.1 Die Ned Geref Kerk en sending	37
4.2 Die Ned Geref Kerk en diens van barmhartigheid	37
5. Die Ned Geref Kerk en ander lewensverbande	38
5.1 Die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk	38
5.2 Die Ned Geref Kerk en politieke modelle	38
5.3 Die Ned Geref Kerk en die owerheid	40
5.4 Die Ned Geref Kerk en die samelewing	42
5.5 Die Ned Geref Kerk en die huwelik in 'n multikulturele samelewing	44
5.6 Die Ned Geref Kerk en onderwys en opvoeding	44
6. Slotopmerkings	45

INLEIDING

Die unieke samestelling van die Suider-Afrikaanse samelewing uit verskillende groepe en volke en 'n verskeidenheid tale en kulture, plaas die kerk van Jesus Christus voor groot en besondere uitdagings in belang van die koninkryk van God. **1**

Deur die lang jare van sy bestaan in Suider-Afrika, het die Ned Geref Kerk vanuit sy roepingsbewustheid die eise wat hierdie omstandighede aan die evangeliebediening gestel het, probeer verstaan en interpreteer. Gevolglik het hy ook intensief geworstel om aan sy bestaan as kerk en aan sy bediening van die evangelie 'n konkrete gestalte te gee wat aan die norme van die Skrif sou voldoen. **2**

In die wete dat wat in die verlede ten opsigte hiervan gedoen is, wel gebrek-kig en vol sondige tekortkominge was, is die Ned Geref Kerk nietemin oortuig dat alles nie betekenisloos was nie, maar die koninkryk van God tog gedien het. Die roeping om nog nader aan die Bybelse eise van kerkwees te beweeg, is vir die Ned Geref Kerk steeds 'n saak van heilige erns . En in geloofsgehoorsaamheid wil hy op die weg voortgaan. **3**

HOOFSTUK 1

PRINSIPIËLE VERANTWOORDING

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die Ned Geref Kerk as kerk van Jesus Christus sien dit as sy roeping om as getuie van God Drie-enig in die samelewing op te tree. 4

Geanker in die geloof in God die Vader wat die wêreld geskep het en nog steeds deur sy voorsienigheid onderhou, en wat ook die kerk in Christus uitverkies en verlos het, lewer die kerk onder leiding van die Heilige Gees en in die lig van die Woord van God sy getuienis sodat die koninkryk van God meer gestalte in die samelewing kan kry. 5

Die gebed van Christus is ons werkopdrag : 6
"laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil ook op die aarde
geskied net soos in die hemel"
(Matt 6:9-10)

1.1 Voortgaande besinning

Reeds vir baie jare is die Ned Geref Kerk besig om na die wil van God in en vir ons Suid-Afrikaanse situasie te vra. In hierdie verband het die kerk net een verlanget: om God se wil nederig en kinderlik te soek en te gehoorsaam. 7

In hierdie soeke na die wil van God kan ons ons nie die weelde veroorloof om die besinning in 'n bepaalde stadium as afgehandel te beskou nie, en wei om die volgende redes: 8

* gelowiges moet steeds groei in die beter verstaan van God se wil; 9

* ons leef in 'n dinamiese situasie wat voortdurend verander; 10

* die geldigheid van vroeëre uitsprake moet voortdurend getoets word; 11

* die insigte, vrae en kritiek van ander binnelandse en buitelandse kerke en gelowiges en die besinning saam met hulle, noop ons om verder na te dink en so tot 'n ryper en dieper verstaan van God se wil te kom. 12

1.2 Die Bybel is die kerk se enigste maatstaf

13
Ons glo en bely dat die Heilige Skrif die volkome en vir alle tye gesaghebbende open baring van God is. Daarom is dit vir ons die enigste maatstaf waaraan alle standpunte, gesindhede en optredes getoets moet word.

Dit beteken

14
* dat ons steeds die Skrif, in gebondenheid aan ons belydenisskrifte, deeglik en reg moet bestudeer om vas te stel watter boodskap en roeping vanuit die Woord na ons toe kom en hoe ons dit in ons eie situasie moet toepas;

15
* dat ons steeds moet waak dat geen ander stem, hoe mooi en verleidelik dit ook mag klink, of dit nou die van 'n bepaalde ideologie, geestestroming, politieke rigting, tradisie, persoonlike vooroordeel, volksgevoel of wat ook al is, 'n beslissende woord bo of naas die Bybel sal spreek nie.

1.3 Die Bybel na sy eie aard vertolk

16
Die Bybel is byna twee duisend jaar gelede voltooi en bevat 'n groot aantal boeke, elk met sy eie karakter, samestelling en styl, geskryf in 'n heel bepaalde situasie. Om God se wil uit die Bybel te verneem, moet ons allereers hierdie eie aard en bedoeling van elke Bybelse uitspraak respekteer en in berekening bring.

Dit beteken

17
* dat die blote op-die-klank-af-verklaring en toepassing van Bybeluitsprake sonder deeglike inagneming van hulle spesifieke karakter, verband, styl, doel en historiese situasie ten sterkste afgewys moet word;

18
* dat ons nie ons eie omstandighede en vraagstukke in die Bybel mag inlees en so die Woord van God verlaag tot 'n eietydse resepteboek met 'n kitsvoorskrif vir elke probleem in die menslike geskiedenis nie.

1.4 Dit gaan in die Bybel oor God en sy koninkryk

19
Die Bybel as verkondiging van God se koninkryk is nie 'n handboek vir onder andere die sosiologie, die ekonomie of die politiek nie. Die Bybel is die blye boodskap dat God die mens, wat deur die sonde van Hom vervreemd geraak het, in genade opsoek, verlos, tot sy eiendom maak en aan sy eiendomsvolk 'n hoe roeping toevertrou.

Onder die ou verbond het Hy Israel vir Hom tot 'n eiendomsvolk gemaak met die roeping om Hom te verheerlik en vir al die nasies tot seen te wees. En in die nuwe verbond gaan dit om die verkondiging dat God in Jesus Christus die wêreld met Homself versoen het, dat Hy hulle wat in Hom glo en die boodskap aangeneem het, in sy kerk byeenbring en roep om sy koningskap op alle terreine te dien en vir die wêreld tot seen te wees tot op die dag wanneer Hy alle dinge tot voleinding sal bring. 20

Dit beteken

* dat die Bybel, kragtens sy eie aard en bedoeling nie gebruik mag word as 'n handboek vir die oplossing van sosiale, ekonomiese of politieke vraagstukke nie. Derhalwe moet alle pogings uit die hede of die verlede om 'n bepaalde sosiale of politieke beleid direk uit die Bybel af te lees, of dit nou die van apartheid of eiesoortige ontwikkeling of 'n beleid van integrasie is, ten sterkste afgewys word; 21

* dat teksgedeeltes soos Gen 2: 18, 10: 19-20, 11: 1, 7 - 9, Deut 32:8, Spr 22:28, Matt 24:7, Joh 17:20-23, Hand 2:8, 17:26, 1 Kor 7:20, 1 Kor 12, Gal 3:28 - 29 en Open 21:3, 24 daarom nie as Skrifbegroning vir politieke modelle gebruik kan word nie; 22

* dat die nuwe verhouding waarin die burgers van die koninkryk tot God, tot mekaar en tot die wêreld geplaas word, 'n dure roeping op hulle skouers plaas wat op alle lewensterreine uitgeoefen moet word. Hulle moet hierdie roeping op sodanige wyse uitoefen, dat hulle te alle tye aan God in gehoorsaamheid aan sy Woord, en aan alle ander mense, en voor hulle eie gewete, verantwoording vir hulle optrede kan doen. Om hierdie rede word eers aandag geskenk aan die wese en roeping van die kerk en die verhoudings wat daaruit voortvloei en tweedens aan persoonlike en groepsverhoudings soos dit vanuit die perspektief van die koninkryk gesien moet word. 23

2. DIE KERK: SY WESE EN SY ROEPING

2.1 Die kerk is 'n unieke skepping van God

*Deut 7:6 vv
2 Sam 7:23 v*

Sowel in sy Ou-Testamentiese as in sy Nuwe-Testamentiese gestalte is die kerk 'n unieke herskeppingswonder van God in 'n sondige en gebroke wêreld. Onder die ou bedeling was Israel God se geroepe, heilige en 'uitverkore eiendomsvolk te midde van die nasies. Omdat die God van Israel so onvergelyklik anders as die gode van die nasies was, was sy volk 'n unieke volk onder die volkere. 24

Ef 2: 10
2 Kor 5:17
1 Pet 2:9v
1 Kor 3:9
Ef 2: 15
Ef 2:19,21
1 Kor 12:12vv
2Kor 11:2
Ef 5:25 vv
1 Kor 3:16v

Dieselfde geld in 'n nog ryker en heerliker sin van die Nuwe-Testamentiese kerk. Midde-in 'n sondige, gebroke en verbygaande wêreld het God 'n nuwe begin gemaak, het Hy 'n unieke skepping tot stand gebring: sy kerk. Die unieke aard van die kerk word in die Nuwe Testament met 'n rykdom van woorde en beelde beskryf, onder andere as God se volk, sy bouwerk, sy huisgesin, die een nuwe mensheid in Christus, die liggaam, die bruid van Christus, die tempel van die Heilige Gees. Dit toon hoe volkome die wese van die kerk deur God Drie-enig bepaal word. Die kerk is bo alles G6d se mense.

Dit beteken

* dat ons die unieke aard van die kerk moet respekteer en dit nie moet beoordeel in die lig van denkskemas van hierdie sondige, verbygaande wêreld of moet verwar met die instellings van hierdie gebroke werklikheid nie. Die enigste maatstaf vir kerkwees is die Woord van God soos verstaan onder leiding van die Heilige Gees.

2.2 Die wese van die kerk word deur die Woord bepaal

Heidelbergse Kategismus (Heid Kat) Vr 54
1 Pet 2:9

Christus roep vir Homself 'n kerk byeen en regeer dit deur die verkondiging van sy Woord en die werking van sy Gees. Hierdie Godsvolk moet "die verlossingsdade verkondig" van Hom wat hulle "uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig."

In ooreenstemming met die drievoudige amp van Christus, word die kerk geroep tot 'n drievoudige verkondigingstaak.

2.2.1 Sy profetiese taak

In sy profetiese taak verkondig die kerk die heilsboodskap van die koninkryk en roep almal op om hulle te bekeer, om die evangelie te glo en so deelgenote van die ewige lewe te word. Terselfdertyd moet ook die hele lewe met al sy aspekte en terreine krities onder die normatiewe lig van die Woord van God geplaas word.

2.2.2 Sy priesterlike taak

2 Kor 5:17-20
Matt 5:21-25
Rom 5:10-11

In sy priesterlike taak verkondig die kerk deur woord en daad die liefde en barmhartigheid van God, die versoening tussen God en mens, die liefde en versoening tussen mens en medemens en in die besonder tussen geloofsgenote wat met die kruis en opstanding van Christus en die koms van die Heilige Gees tot stand gekom het.

2.2.3 Sy koninklike taak

In sy koninklike taak verkondig die kerk die eis van die heiliging van ons lewe en van die geregtigheid van God wat oor alle onreg en bose magte, ideologieë en sisteme moet en sal triomfeer.

	In sy verkondigingsroeping moet die kerk groot erns maak met die bedieningsbehoefte van hulle aan wie die Woord gebring moet word. Om werklik grond te vat in die lewe en hart van elke mens, moet die evangelie in sy taal en beleweniswêreld konkrete gestalte vind. Die Nuwe Testament is realisties ten opsigte van die praktiese probleme wat uit die bedieningsbehoefte van verskillende groepe ontstaan. Die taalwonder van Pinkster moet onder meer vanuit hierdie pastorale oorweging verstaan word. Dit gaan daarom dat die hoorders elkeen in hulle eie taal die groot daad van God verneem. Dit gaan dus om die effektiewe bediening van die Woord. Hierdie selfde motief blyk ook wanneer Paulus se dat hy vir die Jode 'n Jood en vir almal alles geword het ter wille van die evangelie. Ook geografiese faktore, sosiale omstandighede ensameer kan ten opsigte van voorsiening in spesifieke bedieningsbehoefte 'n rol speel. Die voorsiening van die bedieningstrukture moet die eenheid van die kerk verryk en onderlinge gemeenskap bevorder.	32
<i>Hand 2:1-11</i>		
<i>1 Kor 9: 19-23</i>		
	Die feit dat die kerk 'n Woordbepaalde en Woordverkondigende gemeenskap is, beteken	33
	* dat die kerk 'n geloofs-, belydenis- en aanbiddingsgemeenskap is;	34
	* dat die kerk 'n evangelieverkondigende gemeenskap is;	35
	* dat die kerk dankbaar elke geleentheid moet aangryp om die Woord aan iedereen sonder uitsondering te verkondig;	36
	* dat almal die voorreg behoort te he om na die verkondiging van die Woord te luister en geen gemeente enigiemand hierdie voorreg mag ontnem nie;	37
	* dat daar ter wille van effektiewe bediening van die Woord en die bedieningsbehoefte van verskillende taal- en kultuurgroepe, voorsiening gemaak mag word vir die verinheemering van die kerk.	38
	2.3 Die kerk is 'n geloofs-, belydenis- en aanbiddingsgemeenskap	
<i>Deut 7:6-8; 32:8 vv Gen 15, 17 Eks 6, 19:5v Deut 29 ens Deut 6:4 Rut Jes 2 :2-4; Jer 12:16 Sag 14:16 vv</i>	Om tot die volk van Israel te behoort, het 'n belangrike rol in die godsdienst van die ou bedeling gespeel. Tog was dit nie die beslissende faktor nie. Beslissend was die feit dat God hierdie volk verkies het en met hulle 'n verbond opgerig het. Belangriker as die bloedband was die verhouding tot God en die belydenis dat Hy die enige Here is. Wie Hom as sy God bely, kon, nadat aan sekere voorskrifte voldoen is, lid van die vergadering van die Here word, selfs al het hy tot 'n ander volk behoort.	39

<i>Rom 1:5,16; 10:8-10 Ef 2:8; 4:5</i>	In die Nuwe Testament is die kerk 'n geloofs-, belydenis- en aanbiddingsgemeenskap. Wie die evangelie glo en bely dat Jesus die Here is en God in Gees en waarheid aanbid, word in sy kerk opgeneem.	40
<i>Hand 16:31 1 Joh 2: 18vv; 4:1vv Belydenis van Nicea</i>	Die suiwer hand hawing van die belydenis is vir die Nuwe-Testamentiese kerk van kardinale belang. By die beklemtoning van apostolisiteit as een van die eienskappe van die ware kerk, gaan dit vir die kerk juis om die suiwer leer soos dit deur die apostels oorgelewer is.	41
<i>NGB Art 27</i>	Dit beteken: * dat geloof in die Drie-enige God en sy open baring in die Skrif die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk van Jesus Christus is;	42
	* dat die suiwer belydenis van die geloof die uitdrukking is van gehoorsaamheid aan die Woord van God;	43
	* dat groot verskille in geloofsbelydenis skadelik is vir die onderlinge gemeenskap en belydenis van die kerk.	44
<i>2 Kor 5: 14 1 Pet 2:9 Matt 28: 19 Joh 20:21</i>	2.4 Die kerk is 'n missionêre (sendingbedrywende) gemeenskap	
	Gedring deur die liefde van Christus en as God se eiendomsvolk wat sy verlossingsdade moet verkondig, is die kerk na sy wese 'n sendingbedrywende gemeenskap. Die kerk moet as volk wat onder God se koningsheerskappy staan, die boodskap van die koninkryk aan alle nasies en aan alle mense verkondig, hulle tot bekering oproep, oorgaan tot gemeentevorming, die lidmate toerus vir hulle dienswerk, en so God vir sy genade verheerlik.	45
	In hierdie sendingroeping gaan dit vir die kerk nie bloot om Woordverkondiging nie, maar ook om daadverkondiging. Die kerk se optrede, voorbeeld, liefde en diens moet 'n verkondiging wees van die lewensveranderende en genesende krag van die evangelie.	46
	Uit die Nuwe Testament blyk voorts dat die verbreiding van die evangelie deur woord en lewe 'n saak is waarby nie net sekere gemeentes en gelowiges nie, maar die hele kerk betrokke is.	47
	Dit beteken * dat sending in alle omstandighede, selfs in 'n situasie van gespanne verhoudings, een van die hoogste prioriteite in die kerk behoort te wees;	48

* dat die voorbeeldige optrede, liefde, begrip en diens van die kerk en gelowiges 'n magtige middel is om die krag van die evangelie in hierdie verskeurde, onregverdige en wantrouige wêreld teen alle natuurlike weerstand teen die evangelie in, sigbaar te maak; 49

* dat daarenteen die aanvaarbaarheid van die evangelie en die kerk se sendingarbeid ernstig geknou word deur liefdelose, onbegrypende krenkende optrede en bymotiewe. 50

2.5 Die kerk is 'n diakonale (dienende) gemeenskap

Die kerk se roeping sluit die beoefening van barmhartigheid in. Gegrand in die barmhartigheid van God Drie-enig het Jesus Christus, wat na die aarde gekom het, nie om gedien te word nie maar om te dien, die diakonale diens aan sy kerk toevertrou. Daarom is die kerk 'n diakonale gemeenskap met die roeping om te dien. 51

Hierdie roeping is so omvattend soos die uiteenlopende verskeidenheid van die fisiese, psigo-sosiale en geestelike behoeftes van die lewe self. Die dienslewering van die kerk, hetsy deur die besondere ampte, amptelike organe of die amp van die gelowige op alle terreine van die daaglikse lewe, is iets heeltemal anders as 'n blote humanitêre benadering. Dit vloei voort uit en word gedra en gekwalifiseer deur die liefde van God wat in die evangelie aan ons geopenbaar is. As daadverkondiging het dit ten doel om saam met en deur die Woordverkondiging te lei tot die verlossing in Jesus Christus en die beter beleving van die gemeenskap van die heiliges tot eer van God. 52

Die beoefening van barmhartigheid behoort tot die wese van die kerk en is gegrond in God Drie-enig. God die Vader reik in Christus Jesus uit tot die sorgbehoewende mens en bring sy kerk as 'n nuwe, diakonale gemeenskap tot stand. Die Heilige Gees sit hierdie bediening van Christus voort deur sy kerk. 53

Jes 42:3

In die Woordverkondiging moet die kerk sy lidmate aktiveer en toerus om Christus se dienswerk daadwerklik voort te sit. In die "diakonale" gemeente moet elkeen 'n gevoelige oog, oor en hart he vir die sorgbehoewende. Sorgbehoewendheid in sy wye verskeidenheid moet geïdentifiseer word en prakties moet daarvan werk gemaak word in die voorsiening van personeel, fondse, dienste, inrigtings en vakkundigheid. 54

Mark 10:45

Die kerk se barmhartigheidsdiens is gefundeer in die soen-verdienste van Jesus Christus en word verrig in navolging van God se liefdesoptrede. Dit is 'n konkrete vorm van beleving van die gemeenskap van die heiliges. 55

<i>Gal 6:10</i>	Alhoewel die kerk se onderskeie dienste in die eerste plek uitgaan na medegelowiges, reik dit ook uit na alle mense in nood. In priesterlike bewoënheid word versorging en bystand verleen in alle vorme van materiële, maatskaplike, psigososiale, liggaamlike en geestelike nood.	56
	Vanselfsprekend sal en kan die kerk nie alle nood verlig nie, maar hy moet te midde van sy beperkinge ten opsigte van die nood wat onder sy aandag kom, doen wat sy hand vind om te doen. Dit sluit in dat daaraan gewerk moet word om die oorsake van die sorg-behoewendheid te verwyder – voorkoming is immers beter as genesing.	57
	Dit alles impliseer dat die kerk se diakonale dienste	
	* tot alle mense moet uitgaan en oor alle grense beoefen moet word;	58
	* alle samelewingstrukture wat in stryd is met die Skrif moet bestry en positief moet werk vir 'n beter samelewing;	59
	* met die owerhede op alle vlakke en alle beherende instansies moet skakel om oorsake van nood verwyder te kry;	60
	* maatreëls moet tref vir die daarstelling van toepaslike versorgingsinstansies (inrigtings- en gesinsorgdienste);	61
	* moet ywer vir doeltreffende welsynswetgewing waarvolgens die allerbeste diens vir almal gelewer kan word.	62
	* die persoonlike verantwoordelikheid om sover moontlik selfversorgend te wees, by almal moet tuisbring.	63
	2.6 Die kerk is 'n universele gemeenskap	
<i>Gen 12:2v; 18:18 ens Eks 19:5v Jes 61:6 Jes 2:2-4; 25:6 vv ens.</i>	Onder die Ou-Testamentiese bedeling le die aksent swaar op die afgesonderdheid van God se volk maar dan nie in die sin dat Israel in en vir homself bestaan nie. Sy bestaan het ingrypende betekenis vir die nasies. Abraham word geroep en bestem om 'n seen vir al die volke van die aarde te wees. Israel moet 'n koninkryk wees wat God te midde van die volke priesterlik sou dien. Die profetiese verwagting was toe reeds dat daar 'n tydperk van universele heil sou aanbreek.	64
<i>Hand 15:14 Rom 9:25 2 Kor 6:16 Ef 3:6 1' Pet 2:10 vgl 1 Kor 12:13</i>	In die Nuwe-Testamentiese bedeling is die kerk nog veel minder tot een volk of gebied beperk. Dit bestaan uit mense van alle volke en van die hele wêreld wat deur geloof in Jesus Christus lede van die ware Godsvolk geword het. Alle gelowiges uit alle volke word lede van die één volk van God.	65

	Ons erken hierdie groot waarheid wanneer ons in die woorde van die Twaalf Artikels bely dat ons aan 'n algemene kerk glo. Die algemeenheid van die kerk in die wêreld dui allereers op die geheel van die wêreld en die geskiedenis: die kerk omvat alle gelowiges uit alle volke wat op alle plekke geleef het of nog leef.	66
	Dit beteken * dat die kerk kragtens sy wese as die een universele volk van God nie eksklusief tot een volk of groep beperk mag word nie en dat niemand op grond van sy herkoms, volksverbondenheid, taal of kultuur uitgesluit mag word nie.	67
	2.7 Die kerk is 'n versoende¹ gemeenskap As unieke nuwe skepping van God is die kerk 'n gemeenskap van mense wat die versoening uit genade uit die hand van God ontvang het. Daarom is gelowiges dankbare en nederige mense wat weet dat alles wat hulle is en het 'n genadegeskenk is. As mense wat deur Christus se bloed met God en met mekaar versoen is en nou vrede het, moet kerkmense en kerke die bediening van die versoening verder dra en mekaar dien in die gees van broederlike liefde en vrede.	68
<i>Rom 5:8-11</i>		
<i>Ef 1:5vv; 2-8v</i>		
<i>Rom 5:1-11</i>		
<i>Ef 2:13-17</i>		
<i>2 Kor 5:18vv</i>		
<i>Ef 4:2v</i>		
<i>Fil 2:1v</i>		
	Dit beteken * dat die styl van die kerk se optrede steeds die van versoening, vrede en liefde behoort te wees;	69
	* dat kerke nie konfrontasie sal bevorder nie, maar vir mekaar sal bid; mekaar nie liefdeloos sal beskuldig nie, maar bereid sal wees om ernstig na mekaar se getuienis te luister; mekaar nie sal vermy, dreig en uitsluit nie, maar om Christus ontwil sal aanvaar. Versoening beteken nie die toesmeer van verskilpunte en die goedpraat van wat verkeerd is nie, maar die openhartige deurpraat daarvan;	70
	* dat kerke nie self-regverdigend sal staan op hulle eie standpunte as onfeilbaar nie, maar bereid sal wees tot ootmoedige selfondersoek, om werklik te luister na andere, eie skuld te erken waar nodig en voortdurend te reformeer.	71
	2.8 Die kerk is 'n venster na God se komende nuwe Wêreld	
<i>Rom 8:23</i>	As nuwe skepping van God, as werkterrein van die Heilige Gees, moet die kerk in al sy doen en late iets van die toekoms sigbaar maak. Die kerk mag nie in sy eie gebrokenheid berus nie. In die kerk moet die liefde triomfeer oor vyandskap en haat, die waarheid oor die leuen, die eenheid oor verdeeldheid, die	72
<i>2 Kor 1:22;</i>		
<i>2 Kor 5:5</i>		
<i>Ef 1:14</i>		
<i>Jak 1:18</i>		

versoening en vrede oor geweld en konfrontasie. So sal die kerk waarlik kerk wees, 'n geloofwaardige venster op die toekoms van die Here Jesus Christus.

- Rom 12:4-6*
Joh 13:35
- 2.9 Die kerk is een in God Drie-enig**
- Die kerk is van oorsprong een in God Drie-enig, en moet hierdie eenheid te midde van die verskeidenheid in God se skepping en onder God se volk en in die verskeurde werklikheid soek, dien en sigbaar maak. 73
- Deut 4:7; 6:4*
33:27-29
2 Sam 7:23
1 Kor 12:13
Ef 2:14vv; 4:4-6
Ga13:28
Joh 10:16
- 2.9.1 Die gelowiges is een in God Drie-enig**
- Onder die Ou-Testamentiese bedeling het die eenheid van die volk van God saamgehang met sy verbondenheid aan die Here as die een onvergelyklike en lewende God. Dieselfde geld van die Nuwe-Testamentiese kerk. Te midde en ten spyte van alle verskille tussen Jood en nie-Jood, Griek en nie-Griek, man en vrou, slaaf en vryman, ken die Nuwe Testament net een kerk. 74
- Belydenis van Nicea*
- Hierdie mense is die een unieke volk van God, die een bruid van Jesus Christus, die een tempel van die Heilige Gees. Alie verskille en verskeidenheid onder gelowiges word in die Nuwe Testament as diensbaar aan hierdie eenheid in God Drie-enig beskou. 75
- Ef 4:4-6*
- Ons kan hierdie eenheid nog verder uitspel: die kerk is een omdat hy een oorsprong het in die werk van die een Vader, een Seun en een Heilige Gees, maar ook omdat hy een doop, een belydenis, een nagmaal, een gemeenskap, een roeping, een getuienis, een diens, en een toekomsverwachting het. Daarom bely ons tereg dat "die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou; en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly." 76
- Heid Kat Vr 54*
- Hierdie eenheid van en in die kerk is dieper en hoer, wyer en heerliker as enige aardse vorm van eenheid. Dit gaan hier immers om die samebinding van hulle wat nie deur natuurlike faktore nie, maar deur die hemelse Vader, hulle wat nie deur hulle humanistiese gevoelens, entoesiasme of mensgemaakte oortuigings nie, maar deur die Heilige Gees, saamgesnoer word; hulle wie se eenheidsband nie aan die einde sal verdwyn nie, maar in die ewige toekoms bevestig sal word as hulle saam die groot hemelse loflied tot eer van God sal aanhef. 77

<i>Rom 16:17</i> <i>Kol 3: 11 – 15</i>	<p>Dit beteken * Dat dit die wil van God is dat die diepe geestelike eenheid van sy kerk konkreet beleef en te midde van alle verskeidenheid bewaar moet word. Hoewel hierdie eenheid in Christus gegee is, kan dit deur die sonde van verdeeldheid en verskeurdheid ontken en verduister word. Omdat Christus nie verdeeld is nie, mag sy kerk ook nie verdeeld wees nie.</p>	78
<i>1 Kor 12:4 -30</i>	<p>2.9.2 Hierdie eenheid wis die verskeidenheid onder God se volk nie uit nie, maar omvat dit Verskeidenheid in die kerk is in die Nuwe Testament altyd 'n verskeidenheid binne die eenheid. Dit kom ook duidelik na yore in die beeld van die kerk as die een liggaam van Christus wat uit baie lede bestaan. Juis en slegs as behorende tot die een liggaam kan die verskeidenheid van lede mekaar tot diens en seen wees.</p>	79
	<p>Dit beteken * dat die verskeidenheid wat volgens die Bybel as daadwerklike gegewenheid in die kerk voorkom, nie as grond vir kerklike verskeurdheid sal dien nie;</p>	80
	<p>* dat die verskeidenheid nie as 'n bedreiging vir die eenheid van die kerk beskou moet word nie, maar as 'n verryking daarvan en as 'n geleentheid tot onderlinge diens namate elkeen 'n eie genadegawe ontvang het.</p>	81
	<p>2.9.3 Die kerk het die verantwoordelikheid om sy diepliggende en onaantasbare eenheid in Christus in hierdie verskeurde en verdeelde wêreld te bely, te beleef en sigbaar te maak</p>	
	<p>2.9.3.1 Dit is noodsaaklik dat hierdie eenheid beleef en sigbaar word Die eenheid van die kerk is van die begin af as gevolg van die sonde deur allerlei faktore bedreig, waaronder vleeslike gesindhede, liefdeloosheid, onwil om mekaar te aanvaar, misverstand en dwaling, verabsoluttering van die verskeidenheid, veruitwendiging of ook vergeesteliking van die eenheid asook politieke en ander belange. Dit het tot gevolg gehad dat die kerk deur die eeue heen in 'n toestand van verdeeldheid en verskeurdheid beland het.</p>	82
<i>Joh 17:23</i>	<p>Christus het egter vir die eenheid van die kerk gebid. Dit is weliswaar so dat die eenheid van die gelowiges in Christus gegee is, maar die sigbare openbaring daarvan in die eenheid van sy kerk is vir Christus van groot belang, "sodat die wêreld kan</p>	83

weet dat U My gestuur het." Die duidelike waarneembare eenheid van die kerk is vir die wêreld 'n bevestiging van die waaragtigheid van Jesus se sending en die kerk moet dit dus om Christus ontwil soek.

Dit beteken

* dat hierdie eenheid primer in die onderlinge liefde sigbaar word; 84

* dat Christene nooit in die verskeurdheid van die kerke, veral die met dieselfde belydenis, mag berus nie, maar dit as sonde moet erken en bely; 85

* dat die kerk die verantwoordelikheid het om sy eenheid sover dit moontlik is met alle gelowiges te beleef en sigbaar te maak; 86

* dat die kerk ten spyte van alle struikelblokke wat op hierdie weg mag bestaan en sonder om hierdie struikelblokke te ignoreer, steeds moet streef na die groots moontlike sigbaarmaking en beewing van die geestelike eenheid van die volk van God; 87

* dat hierdie eenheid iets anders is as 'n kunsmatige en ge- dwonge eenheid wat bloot ter wille van die demonstrasie van 'n sigbare eenheid nagestreef word; 88

* dat 'n valse eenheidstrewer, met valse motiewe en met prysgawe van die waarheid in Christus, afgewys moet word. 89

*Twaalf Art
Heid Kat Vr
en Ant 55*

*Hand 2:42
Heb 13: 16
1 Joh 1:7
Rom 15:26
2 Kor 8:4
2 Kor 9:13*

2.9.3.2 Die eenheid word beleef in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges

Geestelike gemeenskap tussen gelowiges is een van die konkrete wyses waarop die eenheid van die kerk beleef word. Gemeenskap met God beteken immers ook gemeenskap met mekaar. Hulle wat deel het aan die een liggaam en een Gees, aan die een Here, een doop, een geloof, een hoop en een liefde, buig ook afsonderlik en gesamentlik onder die een Woord van God. Hulle ken 'n gesamentlike deelname aan lyding, aan vertroosting, aan voortdurende voorbidding vir mekaar, aan die onderlinge bemoediging en vermaning van mekaar. 90

Met die oog daarop bevat die Nuwe Testament ook beginsels vir die inrigting van die kerklike lewe, sodat die gemeenskap van die heiliges tot opbou van die gemeente gestimuleer en beskerm kan word (Ef 4: 11-16). 91

Dit beteken

* dat daar 'n groot verantwoordelikheid op gelowiges en in die besonder op die plaaslike gemeentes rus om struikelblokke wat in die weg van ware gemeenskaps-beoefening staan, bidden en werkend te oorwin en hierdie gemeenskap daadwerklik te beoefen. 92

2.9.3.3 Kerklike skakeling en ekumeniese betrekkinge is 'n noodsaaklike uitingsvorm van die eenheid van die kerk

Waar ons in die situasie van die verdeeldheid en verskeurdheid van die kerk van Christus leef, is dit ons roeping om die eenheid van die kerk te soek in die hoop dat bestaande verdeeldheid en verskeurdheid opgehef kan word en die eenheid van die kerk herstel kan word. Al mag hierdie ideaal deur diepgewortelde verdeeldheid onbereikbaar lyk, moet ons nogtans deur ekumeniese betrekkinge probeer om die geestelike eenheid van die kerk sover moontlik sigbaar te laat word, onder andere in samewerking en 'n gemeenskaplike getuienis in die wêreld. 93

Dit beteken

* dat die kerk die roeping het om daarna te streef om in ekumeniese verhoudinge met ander kerke te tree; 94

* dat verskillende grade van ekumeniese verhoudinge geskep word na gelang van die konfessionele ooreenstemming tussen kerke. 95

3. DIE KERK EN GROEPVERHOUDINGS

Die Bybelse beskouing oor die mens en mense-verhoudinge

3.1 Ras en volk in die Skrif

3.1.1 Die Heilige Skrif beskou die menslike geslag as 'n Eenheid

Rom 5:12-21

Die skeppingsverhaal wat die ganse menslike geslag na een stamvader en -moeder herlei, beskou die mensdom as 'n wesentliche eenheid. Hierdie gesigspunt word deur die geslagsregisters in Gen 10, 1 Kron 1 - 9 en Luk 3:23 - 38 bevestig waarin die wêreldgeskiedenis as 'n uitgebreide familiegeskiedenis gesien word. In Hand 17:26 word verklaar dat God al die nasies "uit een mens" gemaak het. In dieselfde gees word Christus beskryf as die "tweede Adam" wat die ganse menslike geslag, gesien as 'n organiese eenheid, in sy heilswerk betrek. 96

	Hierdie gedagte van die fundamentele eenheid van die menslike geslag is van groot belang vir die Bybelse beskouing van die waardigheid, pligte en verantwoordelikhede van die mens. Hierdie eenheid staan in die Bybel steeds in 'n religieuse verband, naamlik die mens se Godgegewe status, roeping, lotsverbondenheid en die universele aanbidding van die evangelie.	97
	3.1.2 Ras- en kleurverskille speel geen rol in die Bybel se beoordeling van mense nie	
	"Ras" is hoofsaaklik 'n biologiese begrip wat saamhang met erflike eienskappe soos bloedverwantskap, haar-, oog- en velkleur, vorm van liggaamsdele, ensomeer.	98
	Bloedverwantskap is in die Ou Testament 'n belangrike saak. Dit hang hier egter nie saam met raseienskappe nie, maar met die groot plek wat die familie, in enger en ruimer sin, in die Semitiese denke beklee. Bowendien lê die belangrikheid van hierdie soort bloedverwantskap nie in die besondere biologiese kenmerke van Israel as sodanig nie, maar in die feit dat hierdie "familie" deur God verkies is om sy mense te wees.	99
<i>Jes 18:2,7</i> <i>Jer 13:23</i>	Afgesien van bloedverwantskap, kry ander raseienskappe in die Ou Testament slegs terloopse aandag. Ons kan sê dat die Ou Testament wei bewus is van die biologiese faktor in die samestelling van mensegroepe, maar nie die ontstaan, kenmerke of geskiedenis van rasse beskryf nie. Die Ou Testament ken geen rassevraagstuk nie. In die Nuwe Testament speel die begrip "ras" geen rol nie.	100
	3.1.3 Die Bybel hanteer die begrippe "volk" en "nasie" en die volkeverskeidenheid as deel van die bestaande werklikheid	
	Die Hebreeuse woorde vir "volk" en "nasie" naamlik ám en goj kom altesaam 2 444 keer in die Ou Testament voor. In die enkelvoud verwys ám gewoonlik na Israel, terwyl die meervoud van albei woorde na "nasies" verwys. Oor die algemeen kom ám meer ooreen met ons woord "volk" as kulturele begrip, en goj met ons woord "nasie" as politieke begrip. Die Ou Testament hou wei rekening met die kulturele en politieke komponente in die lewe van die volke, maar hierdie komponente kry geen eie gewig nie. Hulle funksioneer binne die teenstelling tussen Israel as God se volk en die "nasies" wat nie tot die Godsvolk behoort nie.	101
<i>1 Pet 2:9</i>	Van die Nuwe-Testamentiese terme wat gereeld of by geleentheid ook vir "volk" en "nasie" gebruik word (laos, ethnos, fule, genos, glossa, demos, ekklesia) is laos en ethnos verreweg die belangrikste. Hulle kom saam 303 keer voor. Albei word in	102

<p>1 Kor 5:1; 1 Kor 12:2 1 Tess 4:5</p>	<p>nasionaal-etniese sowel as in primêr-religieuse sin gebruik. Laos verwys in verreweg die meeste gevalle na Israel as die volk van God of na die kerk. Ethnos word dikwels vir "volk" in nasionaal etniese sin gebruik en wei vir Israel sowel as die ander volke. Tog verwys dit in die meeste gevalle as religieuse term na die heidennasies in teenstelling met die Christene, en by wyse van uitsondering ook na die kerk as die volk van God. Van groot belang is die feit dat ook die gebruik van laos en ethnos in nasionaal-etiese sin nog steeds in verband met die beskrywing van God se heilswerk staan en geen "evaluering" van nasieskap as sodanig bevat nie. Die bestaan en die verskeidenheid van volke as sodanig word nie positief aangeprys of negatief beoordeel nie, maar aanvaar as deel van die gegewe werklikheid.</p>	
<p>Op 5:9, 7:9</p>	<p>Binne die raamwerk van God se genadewerk word die verskeidenheid van volke egter aangewend om die grootsheid en heerlikheid van God se omvattende heil aangrypend te beklemtoon.</p>	<p>103</p>
	<p>In besprekings van die oorsprong en die Bybelse evaluering van etniese verskeidenheid word Gen 10 en 11:1 - 9 asook Deut 32:8 en Hand 17:26 meermale ter sprake gebring. Sonder om uitvoerig op hierdie gedeeltes in te gaan, moet die volgende bevindings gestel word:</p>	<p>104</p>
	<p>* In al vier gedeeltes word die veelheid van nasies en hulle verspreiding oor verskillende woongebiede beskryf as 'n historiese werklikheid wat onder die voorsienige bestel van God plaasgevind het.</p>	<p>105</p>
	<p>* In Gen 11 word die taalverwarring as 'n oordeel van God oor die sondige hoogmoed van die mens beskryf. Die oordeel bevat egter ook genade en seen vir sover daarmee 'n verdure voortbestaan van die mensheid verseker word en God so sy skeppingsdoel met die menslike geslag bereik.</p>	<p>106</p>
	<p>* Die sonde en die geestelike bankrotskap van die nasies vorm die agtergrond waarteen Abraham se roeping as stamvader van die Godsvolk en as die man in wie al die nasies geseën sal word, des te helderder uitstaan.</p>	<p>107</p>
	<p>* In Deut 32:8 en Hand 17:26 word beklemtoon dat dit God is wat vir die nasies hulle woonplek bepaal het. Eersgenoemde uitspraak is deel van 'n loflied op die heerlikheid van God se genadewerk aan Israel en laasgenoemde deel van 'n sendingpreek wat God se almag en eiendomsreg oor die nasies beklemtoon en enige vorm van noodlot of toeval prinsipiëel afwys. Ten spyte van wisselende omstandighede en grense is God in beheer van alles.</p>	<p>108</p>

Dit beteken

* dat kwessies soos volkerebeleid of die handhawing of opheffing van volksidentiteit nie 'n punt van diskussie in die Bybel is nie. Wanneer 'n volk sy volkseie en kulturele waardes handhaaf, moet die manier waarop dit geskied, steeds voldoen aan die eise van God se Woord. 109

3.1.4 Rassisme is 'n ernstige sonde wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie

Wie dit teoreties verdedig of prakties deur houding en handeling te kenne gee dat een ras, volk of groep volke inherent meerderwaardig en 'n ander ras, volk of groep volke inherent minderwaardig is, maak hom skuldig aan rassisme. Rassisme is 'n sonde wat geneig is om kollektiewe en gestruktureerde vorme aan te neem. Dit behels minagting en selfs haat vir die persoon van 'n medemens en is vir hom 'n struikelblok om sy goddelike bestemming (pligte en regte) menswaardig en verantwoordelik na te strew. Dit be he ls onderdrukking, veronregting, diskriminasie, botsings en geweld. Derhalwe verwerp die kerk rassisme in alle vorme as strydig met die Woord van God. 110

Dit beteken

* dat gesonde volksliefde wat gerig is op die skepping en bewaring van die eie volkskultuur, duidelik van rassisme onderskei moet word; 111

* dat daar tegelykertyd 'n ope oog moet wees vir die gevaar dat volksliefde rassistiese trekke in hom kan opneem en tot 'n sondige verabsoluttering van die eie volk en ras kan lei, met die gepaardgaande veragting van en diskriminasie teenoor ander volkere en rasse; 112

* dat die kerk daarom alle vorme van rassisme waar dit ook al tot openbaring mag kom, as sondig moet afwys en bestry; 113

* dat die kerk lidmate sal aanmoedig om die nodige respek en waardering te betoon vir die eie van elke volkskultuur; 114

* dat die kerk deur sy verkondiging die regte gesindhede moet skep wat rassistiese beskouinge, gesindhede, opmerkings en optrede sal teenwerk. 115

3.2 Die verhouding kerk, volk en volkere

3.2.1 Die kerk is kragtens sy algemeenheid of katolieke karakter 'n kerk vir die volkere

Die kerk se werksaamheid staan in noue verband met die 116

konkrete menslike lewe. Deur die verkondiging van die evangelie aan die volkere word die een kerk van Christus gevorm deur gelowiges uit verskillende volkere. Daardeur vertoon die kerk in verskillende lande en binne verskillende volks- en kultuurgemeenskappe kenmerke wat tipies van daardie gemeenskappe is. Hierdie verinheemsing van die kerk is 'n positiewe teken dat die evangelie op plaaslike bodem en binne 'n bepaalde gemeenskap wortel geskiet het, dit wil se dat dit "gekontekstualiseer" geraak het.

3.2.2 Kerk en volk mag nie vereenselwig word nie

In die loop van die eeue het die kontekstualisering van die evangelie vanweë talle faktore, onder andere van geografiese en politieke aard, in verskillende lande gelei tot die ontstaan van volkse kerke of selfs staatskerke. Naas die positiewe vrugte wat dit vir die kerstening van die kultuur en die open bare lewe meegebring het, het dit ook negatiewe vrugte gehad vir sover kerk en volk met mekaar vereenselwig is en sulke volkse kerke hulle ware aard as geloofsgemeenskap grootliks ingeboet het. Daarom moet gehandhaaf word dat inheemswording van die evangelie nooit mag beteken dat kerk en volk so verbonde raak, dat die kerk sy karakter as belydeniskerk verloor en tot 'n eksklusiewe kerk van 'n bepaalde volk word wat daardie volk dien en hoofsaaklik nog die funksie het om religieuse sanksie aan die volk se waardes, ideale en ambisies te verleen nie.

Dit beteken

* dat natuurlike geboorte, afstammelingsverwantskap en kultuur nie lidmaatskap van die kerk beperk nie; 118

* dat God nie sy verbond met mense volksgewys sluit nie. 119

3.2.3 Die profetiese taak van die kerk tov die volk

Die kerk staan nie onverskillig ten opsigte van die volkere- verskeidenheid nie, maar staan ook nie in diens van bepaalde volke nie. Die kerk is immers nie kerk van die volk nie, maar kerk van Christus en daarom kerk vir die volk en volkere. 120

Die kerk het die roeping en vryheid om leiding te gee, te vermaan, tot bekering op te roep en sondes van volk en volkere in die Naam van die Here te bestry. Die behoud van sy identiteit as kerk van Christus is immers noodsaaklik vir die ware en sui wêreld Woordverkondiging, bediening van die sakramente, toepassing van die kerklike tug, voorbidding, onderrig en diakonale sorgo 121

3.2.4 In die strukturering van die kerk kan vir taal- en kultuurverskille wat met die verskeidenheid van volke saamhang, voor-

siening gemaak word, maar dan op so 'n wyse dat die eenheid van die kerk nie benadeel nie, maar gedien word

Die noodsaaklikheid van kontekstualisering en inheemswording van die evangelie en die bedieningsbehoefte wat daarmee saamhang, bring mee dat daar in 'n land waarin meer as een kultuur- en volksgemeenskap saamwoon, in die strukturering van die kerk voorsiening gemaak kan word vir die spesifieke behoeftes wat saamhang met taal- en kultuurverskille. Die algemene of katolieke aard van die kerk vind juis daarin uitdrukking. In die lig van wat die Skrif oor die wese en eenheid van die kerk leer, mag dit egter nie geskied ten koste van die eenheid van die kerk of die gemeenskap van die heiliges oor alle grense van die taal- en kultuurgemeenskappe heen nie. Dit gebeur wanneer kontekstualisering lei tot die ontstaan van afsonderlike geslote volks- of kultuurkerke wat gelowiges van ander gemeenskappe uitsluit.

3.3 Bybels-etiese riglyne vir medemenslike en groepverhoudings

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat die Woord van God kragtens sy besondere aard geen direkte voorskrif ten opsigte van die konkrete reeling van volkeverhoudings bevat nie. Dit beteken nie dat die 8ybel sonder 'n boodskap vir groepverhoudings is nie. Ons moet dit egter op die regte plek gaan soek, naamlik by die 8ybelse riglyne vir medemenslike optrede. God het immers aan sy volk duidelike voorskrifte ten opsigte van hulle medemenslike gesindhede en handeling gegee. Alhoewel hierdie opdragte meesal op tussenpersoonlike verhoudings afgestem is, moet ons aanvaar dat hulle ook vir groepverhoudings belangrik is. Daarby gaan dit ook in die groepverhoudings ten diepste om die kwaliteit van ons medemenslike optrede van persoon tot persoon.

Die riglyne vir die medemenslike optrede in groepverhoudings moet ontleen word aan die deurlopende etiese rigtingwysers wat dwarsdeur die 8ybel voorkom. Dit is:

- * die Christelike naasteliefde 125
- * geregtigheid en reg 126
- * barmhartigheid 127
- * waaragtigheid 128
- * eerbiediging van die godgegewe waardigheid van die mens 129

3.3.1 Die Christelike naasteliefde is die etiese norm vir medemenslike optrede

Matt 22:37-39
Rom 13:8-10

Die opdrag dat ons God van harte moet liefhê en ons naaste soos onself is die samevatting van God se wil vir 130

Lev 19:18; 34
Luk 10:25 – 37

ons hele lewe. Die opdrag tot naasteliefde verskyn reeds in die Ou Testament. Hier sluit die "naaste" ook die "vreemdeling" van die land in. In die Nuwe Testament word die naasteliefde uitgespel as 'n liefde wat alle mense, ook ons vyande, insluit.

Die belangrikste Ou-Testamentiese begrip wat hier ter sprake kom, is die Hebreeuse woord *chesed* wat goedskiks vertaal kan word as "verbondsliefde". Hierdie begrip se betekenis hang saam met 'n persoon se verpligtinge en lojaliteit binne en teenoor die verbondsgemeenskap. Die gemeenskap waarbinne die **chesed** moet funksioneer, word in die Ou Testament bepaal deur die verbond van God wat die hele Israel insluit. Aangesien die verbond nie 'n bloot formele verdrag of kontrak is nie, maar die hart van 'n lewende gemeenskapsverhouding met God uitmaak, is **chesed** hier 'n verbondsliefde wat gekenmerk word deur 'n solidariteit en lojaliteit binne die verbondsgemeenskap en 'n liefde teenoor alle mense as skepsels en beeldraers van God. 131

Die Nuwe Testament eis onomwonde dat ons hele bestaan, en daarom ook ons gesindheid en benadering tot medemenslike verhoudings, deur die liefde tot God en ons naaste beheers word. 132

Hierdie opdrag tot die ware naasteliefde hou vir ons onder meer die volgende in: 133

* dat die noodsaaklikheid van die beoefening van naasteliefde, as die hart van God se wil vir ons medemenslike optrede, steeds in die middelpunt van die kerk se boodskap vir alle groepverhoudings moet staan; 134

Rom 15:30
Kol 1:8
Gal 5:22

* dat ons God gedurig moet bid vir meer naasteliefde en dat Hy die woekerplante van liefdeloosheid, selfsug, agterdog en bitterheid uit ons lewens sal uitroei. Die ware naasteliefde is immers 'n wonder wat slegs die Heilige Gees in ons lewens kan bewerk; 135

* dat ons liefde tot ons naaste nie bepaal mag word deur wie ons naaste is of deur die aard van sy optrede teenoor ons nie. Die Christen hou aan liefhê ten spyte van sy innerlike gevoel, ten spyte van ontmoediging, vyandskap en teenkanting. Dit is inderdaad 'n duur liefde, want dit sluit ook diegene in wat ons mag bedreig of verdruk of vervolg of verneder of haat. Dit slaan 'n brug van welwillendheid oor al die afgronde wat mense van mekaar skei; 136

* dat ons die omvattende heil van ons naaste sal soek. Dit sluit allereers in dat ons aan hom die goeie boodskap van redding en versoening in Jesus Christus sal verkondig. 137

<p><i>Jak 2:15 v</i> <i>1 Joh 3:16-18</i> <i>Luk 10:25-37</i> <i>Gal 6:10</i></p>	<p>Die heil in Christus sluit egter meer in. Christus se liefde het ingesluit dat Hy ook siekes genees, hongeriges gevoed en na alle vorme van sorgbehoewendheid uitgereik het. Die Christelike naasteliefde is ook 'n liefde van die daad. Dit is 'n liefde wat nie net ons broers en susters se omvattende geluk soek nie, maar die van alle mense. Daar lê 'n swaar verantwoordelikheid op alle bevoorregte Christene om hierdie omvattende naasteliefde te beoefen. Ons beoefen hierdie liefde wanneer ons Christus se goue reel toe pas dat ons nie net aan andere gun wat ons onself gun nie, maar dat ons aan ander moet doen wat ons wil he dat hulle aan ons sal doen.</p>	<p>138</p>
<p><i>Matt 7:12</i></p>	<p>3.3.2 Die Bybelse geregtigheid en reg beoefen en gedien</p>	
	<p>3.3.2.1 Die beoefening van geregtigheid en reg is 'n belangrike Bybelse voorskrif</p>	
	<p>Die Bybelse riglyne vir medemenslike handeling oorvleuel en vul mekaar sterk aan. So kan die begrippe "reg" (misjpat) en "geregtigheid" (sedaka) nie van die verbondsliefde geskei word nie.</p>	<p>139</p>
	<p>Om waarlik solider en lojaal binne 'n gemeenskap te kan wees moet reg en geregtigheid in daardie gemeenskap gehandhaaf word. "Geregtigheid" herstel iemand se geskonde "reg".. Hierdie herstel van die verontregte se "reg" is die positiewe kant van die "geregtigheid". Die negatiewe kant is daarin geleë dat diegene wat iemand se reg hom ontnem het, gestraf word. "Geregtigheid" betrek ook die strukture van die menslike samelewing en hou in dat elkeen ontvang waarop hy as lid van die samelewing geregtig is, ten einde sy Godgegewe roeping te kan vervul.</p>	<p>140</p>
	<p>Misjpat (reg) het te make met die herstel van die gebroke orde in die gemeenskap, gewoonlik deur die tussenkoms van 'n derde, soos byvoorbeeld 'n "regter". Deur hierdie handeling kom 'n verontregte weer tot sy "reg".</p>	<p>141</p>
<p><i>Matt 5:6, 10</i> <i>20; 6:1,33</i> <i>Hand 10:3</i> <i>Ef 4:24</i></p>	<p>In die Nuwe Testament word die woord "geregtigheid" onder meer gebruik as aanduiding van die gehoorsame doen van God se wil, die beoefening van dit wat voor Hom reg is.</p>	<p>142</p>
	<p>Die 8ybelse eis dat gelowiges in alle opsigte sal doen wat voor God reg is en alle onreg sal bestry, het belangrike implikasies vir groepverhoudings.</p>	<p>143</p>
	<p>Dit behels onder meer * dat gelowiges steeds sal vra na dit wat voor God reg is ten opsigte van alle fasette van die samelewing en alle onreg sal bestry;</p>	<p>144</p>

	* dat ons ons daarvoor sal beywer dat reg sal geskied aan almal in ons land op sosiale, opvoedkundige, ekonomiese, politieke en alle ander gebiede;	145
	* dat owerheidsbeleid en alle individuele, groeps- en owerheidsoptredes getoets moet word aan die eis van wat reg en billik voor God is;	146
	* dat groepverhoudinge nie mag berus op selfsug en die motief van selfbehoud en voortbestaan ten koste van 'n ander groep nie.	147
	3.3.2.2 Gelowiges is sensitief en tree in vir die reg van die noodlydende, dus die arme, die verontregte en die weerlose	
<i>Job 29:12-14</i> <i>Spr 29:7</i> <i>Jes 58: 1-10</i>	Dit is belangrik om daarop te let dat die Bybelse "reg" en "geregtigheid" in 'n hoe mate - alhoewel beslis nie uitsluitlik nie - gerig is op die weerloses in die verbondsgemeenskap, op hulle wat nie die mid dele het om hulleself te handhaaf nie: die weduwee, weeskind, arme, vreemdeling, Leviet, ens. Dat veral aan hierdie mense "reg" moet geskied, is vir die ware Israeliet net so vanselfsprekend as om sy klere aan te trek. Die "geregtigheid" en reg wat God van sy volk vra, sluit daarom in dat hulle "die wat onregverdig gevange gehou word, bevry", "die juk wat op mense druk, afhaal", "medemens nie aan sy lot oorlaat nie". Dit is dan ook 'n blywende opdrag aan God se volk van geslag tot geslag, en berus ten diepste op sy liefde vir die mens as sy beeld. Ook die in-die-sonde-gevalle mens word nog deur God gehandhaaf as mens, en daarom moet ons dit ook doen. Daarom is ons ook verplig om God se geopenbaarde wil oor die sorg vir die noodlydende uit te voer.	148
<i>Deut 10:8</i> <i>Ps 17:2; 26: 1</i> <i>35, 23v; 72:2</i> <i>140: 13</i>	Wanneer God se volk op hierdie manier vir die "reg" van die verontregte intree, volg hulle die voorbeeld van God self. Hy is immers by uitnemendheid die Een wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree. Daarom bely die Psalmdigter: "Ek weet die Here behartig die regsak van die hulpelose, Hy sorg vir die reg van die arme".	149
<i>Luk 1:46-55</i> <i>6: 19-31 ens</i>	In die Nuwe Testament is dit veral die Lukas-evangelie wat God beskryf as die Een wat by uitnemendheid omsien na die minderbevoorregtes en die weerloses.	150
	Omdat die armes, die weduwees, die wese en die vreemdelinge gewoonlik ook die magteloses was, was hulle by uitstek die prooi van uitbuiting en verdrukking. Ook in die regspraak is hulle nie altyd billik behandel nie.	151
	Dit is belangrik om raak te sien dat dit hier nie gaan om die "liefde" of die "barmhartigheid" nie, maar om die hand-	152

Deut 10:18

hawing van die "reg" van die noodlydende. Liefde, barmhartigheid, ensomeer word hier veronderstel, maar staan hier nie op die voorgrond nie. Die hulpelose het 'n eie **Misjpat** (reg) gehad wat niemand hom durf ontnem nie. As skepsel en beeldraer van God is hy daarop "geregtig" om 'n menswaardige bestaan te voer. Om hom tot sy "reg" te help, is nie opsioneel nie. 500s liefde en barmhartigheid, is dit ook plig. Dit is om hierdie rede dat die Bybel so 'n besondere sensitiwiteit vertoon ten opsigte van hulle wat verdruk en uitgebuit word. Hierdie sensitiwiteit ten opsigte van verontregtes kan beskou word as 'n Bybelse beginsel wat vir alle tye en alle gemeenskappe geld.

Ps 140:13 ens

2 Sam 15:1 -6

Ps 72

Jes 9:3-6;

11:3-5 ens

In Israel het die godsdienstig-sedelike en die juridiese aspekte van die "reg" van die arme, hulpelose en verontregte saamgeval. Om "reg" te beoefen en te verskaf, was almal se verantwoordelikheid, maar by uitnemendheid die van die owerheid in die persoon van die koning. Dit was egter die geestelike leiers van die volk van God, soos byvoorbeeld die profete, wat almal se gewete moes opskerp om die reg, in die besonder van die verontregte en van die noodlydende, nie te verwaarloos nie.

Dit beteken

* dat gelowiges na die voorbeeld van God sensitief moet wees ten opsigte van die hand hawing van die reg van die noodlydende; 154

* dat die kerk in sy verkondiging moet wys op die nood van mense en die noodsaaklikheid om wat reg is teenoor almal te beoefen; 155

* dat onreg en nood onder die aandag van die owerheid en alle betrokke instansies gebring moet word. 156

3.3.3 Christelike barmhartigheid en diensbereidheid is 'n baie belangrike aspek van medemenslike optrede in groepverhoudings

Ps 37:21,26;

112:5

Spr 14:21

Sag 7:9

Net soos "reg" en "geregtigheid" kan ook die "barmhartigheid" (**racham**) nie van die liefde losgemaak word nie. Dit is trouens 'n gestalte van die verbondsliefde. "Barmhartigheid" is die deur-Christus-geïnspireerde liefdevolle bewoënhed oor mense, die gesindheid en daad wat meehelp om die lewe en bestaan van diegene wat ly en behoefte het, tot normaliteit te laat terugkeer. Om aan 'n sorgbehoewende "barmhartigheid" te bewys, is om hom te omring en om aan hom 'n daad van beskerming en bystand te verleen wat hom in staat stel 157

	om weer sy volwaardige plek in die samelewing in te neem, om saam te mag deel in die "seëninge" en die herstel en stabilisering van verhoudinge, die sjalom (vrede), wat God vir daardie gemeenskap gee.	
<i>Mark 1:41; 6:34 en Matt 5:7; 25:34-46'</i>	Die Nuwe Testament vertel ons telkens van Jesus se bewoënheid oor mense se behoeftes en leed. Hy roep die gelowiges op om hulle te ontferm en barmhartigheid te bewys. Woorde is nie genoeg nie. Die barmhartigheid moet in die regte gesindheid en met woord en daad geskied .	158
<i>Luk 3: 11; 6:36; 10:33; Rom 12:20</i>		
<i>Jak 2: 15-17v</i>	Die Nuwe-Testamentiese diensmotief (diakonia) sluit baie nou by die gedagte van "barmhartigheid" aan. Christus het gekom om te dien en Hy roep sy volgelinge op om dieselfde te doen .	159
<i>1 Joh 3:18</i>		
<i>Mark 10:42-45</i>		
<i>Luk 22:26v</i>		
	Die Christelike barmhartigheid en onderlinge diens is in groepverhoudings buitengewoon belangrik. Die barmhartigheidsdiens van die kerk moet verby grense kyk en mense in nood behulpsaam wees. Barmhartigheids-diens kan 'n magtige brug tussen groepe slaan omdat dit 'n onloënbare bewys is van daadgeworde naasteliefde.	160
	Dit beteken	
	* dat die kerk behoort voort te gaan om doeltreffender kanale en strukture vir 'n sendinggerigte diakonaat en 'n barmhartigheidsdiens oor grense heen te ontwikkel.	161
	3.3.4 Waaragtigheid is in medemenslike optredes uiters belangrik	
<i>Spr 11:18;</i>	Die woord "waarheid" (emet) het in die Ou Testament 'n	162
<i>Ps 51:8;</i>	omvattende betekenis. Die "waarheid" is op die spel as	
<i>Spr 12:19;</i>	daar in 'n samelewing skyn is wat bedrieg, wanneer	
<i>Sag 7:9; 8:16;</i>	geveinsheid en huigelry die toon begin aangee, wanneer	
<i>19;</i>	daar in die regspraak geen billikheid en regverdigheid is	
<i>Ps 31:6; 14:6</i>	nie, wanneer die trou ontbreek, wanneer mense nie meer	
<i>Gen 42:16</i>	op hulle woord geneem kan word nie. Wanneer hierdie	
<i>1 Kon 10:6</i>	omvattende waarheid in gedrang gebring word, wankel die	
<i>Jes 59:14</i>	grondslae wat vastigheid aan die lewe van 'n samelewing	
	gee.	
<i>Rom 2:2; 9:1</i>	In die Nuwe Testament dui "waarheid" (aletheia) onder	163
<i>2Kor 12:6</i>	meer dit aan wat met die werklikheid ooreenstem en	
<i>Rom 3:3-7; 15:8</i>	teenoor die leu en staan. As woord wat gewoonlik handel	
<i>Op 3:14;</i>	oor die verhouding tussen God en mens of tussen mens	
<i>19:11</i>	en mens, kan dit die idee van bestendigheid en	
	betroubaarheid, veral die trou van God, aandui.	
	Christene is kinders van die waarheid en is geroepe om	
	die waarheid in alle omstandighede en verhoudings te	164
	soek en te	

dien. Daarom is gelowiges geroepe om in groep-verhoudings met openhartigheid, waaragtigheid en opregtheid teenoor mekaar op te tree. Ook moet ons met mekaar in gesprek tree in die besef dat geen groep 'n monopolie op die waarheid het nie. Die waarheid het baie fasette en juis in die openheid vir mekaar en die luister na mekaar se standpunte, leer ons die volle waarheid beter ken.

3.3.5 Eerbiediging van die Godgegewe waardigheid van die mens

3.3.5.1 Die waardigheid van die mens blyk uit sy unieke plek in God se skeppings- en verlossings-handelinge

<p><i>Gen 1:26v; 9 :6</i> <i>Ef 4:24</i> <i>Ko13:10</i></p>	<p>Die Godgegewe waardigheid en heerlikheid van die mens blyk allereers uit die unieke plek wat hy in God se skeppingswerk inneem. Hy en hy alleen is immers na die beeld van God geskep in kennis, geregtigheid en heiligheid. Die feit dat die mens beelddraer van God is, hou onder meer die volgende in:</p>	<p>165</p>
	<p>* die mens staan in 'n unieke verhouding tot God;</p>	<p>166</p>
	<p>* die mens het die roeping om as God se verteenwoordiger sy opdrag op aarde te volvoer;</p>	<p>167</p>
<p><i>Gen 5:1</i></p>	<p>* hy is geroep en bestem om in sy wese 'n weerspieëling van God te wees, soos 'n kind die "beeld van sy vader" is;</p>	<p>168</p>
	<p>* die unieke aard en plek van die mens blyk uit sy besondere verhouding tot drie wêrelde:</p>	<p>169</p>
	<p>Eerstens staan hy as God se beelddraer aan God se kant om in alle verantwoordelikheid oor die aarde en al die skepsele te heers.</p>	<p>170</p>
	<p>Tweedens is hy verwant aan die aarde waaruit hy geneem is.</p>	<p>171</p>
<p><i>Ps 8:6</i></p>	<p>Derdens is hy tog ook onderskeie van die engele, al is hy maar "net bietjie minder as 'n hem else wese". Hy beklee 'n posisie waarin hy geroep is tot 'n unieke gemeenskapsverhouding met God.</p>	<p>172</p>
<p><i>Gen 9:6</i></p>	<p>* Alhoewel die sondeval die mens se bestaan ingrypend beïnvloed het, beteken dit nie dat die beeld van God in die mens heeltemal verlore gegaan het nie. Net die sondeval dien die feit dat die mens beelddraer, dit wil se verteenwoordiger van God is, juis as motivering vir die verbod op die vergieting van mensebloed.</p>	<p>173</p>

	* Ook buite die kring van die genadeverbond bly die mens skepsel en beelddraer van God. Sy hoe waardigheid en roeping word wei deur die sonde verduister, maar is nie daardeur tot niet gemaak nie. Nog steeds het hy die status van iemand wat deur God "met aansien en eer gekroon" is, nie ten volle verloor nie.	174
Ef 4:24	Die Godgegewe waardigheid van die mens blyk egter ook uit God se herskeppingswerk. Christus het immers vir die mens, vir mense van alle volke, aan die kruis gesterf. Die Goeie Nuus word aan mense van alle volke verkondig. Die Heilige Gees word aan alle gelowiges geskenk om hulle tot sy tempel te maak. In Christus word die mens in sy volle heerlijkheid, waardigheid en eer herstel. Al moet die gelowiges nog steeds worstel met die sonde wat hierdie heerlijkheid, eer en waardigheid loënstraf, weet hulle dat God op pad is om aan al sy kinders die volle heerlijkheid wat vir hulle bestem is, te skenk.	175
1 Joh 2:12 Rom 8:18		
	Hierdie Godverleende waardigheid van elke mens impliseer	
	* dat Christene teenoor alle mense moet optree soos dit 'n mens teenoor mense, dit wil sê een beelddraer van God teenoor ander beelddraers van God, pas. Dit is ware medemenslikheid. Wie andere as blote objekte beskou en hanteer en nie as mense met die volle spektrum van menslike behoeftes, verlangens, vrese, aspirasies ensovoorts nie, respekteer die mens nie ten volle as mens nie;	176
	* dat alle reëlins en praktyke wat die menslike waardigheid van persone of groepe in die samelewing aantast, vir die gelowige onaanvaarbaar is.	177
	Die feit van die unieke posisie van die mens as verteenwoordiger en beeld van God en as voorwerp van sy genadewerk, roep onder andere drie belangrike kwessies na vore:	178
	* die mens se pligte en verantwoordelikhede	179
	* Die aangeleentheid van menseregte	180
	* Die kwessie van 'n huwelk in 'n veelrassige samelewing	181
	3.3.5.2 Die mens se pligte en verantwoordelikhede	
	Die gawes wat God aan die mens skenk, plaas hom onder 'n verantwoordelikheid en 'n verpligting om dit tot eer van God te gebruik. Die mens is derhalwe geroep om alles wat hy ontvang het, na die beste van sy vermoë te gebruik ten einde vir homself 'n selfstandige lewensbestaan te verseker en om ook ander in hulle nood by te staan.	182

Ten einde in staat te wees om sy verpligtinge na te kom en so ook sy bestemming as mens te kan verwesenlik, beskik die mens oor aansprake wat hy mag en behoort uit te oefen. Dit is sy basiese regte as mens. 183

3.3.5.3 Die begrip "menseregte" Bybels gevul en verantwoord

Hoewel die begrip "menseregte" nie in die Bybel voorkom nie, is die saak waarom dit gaan, volop in die Bybel aanwesig. 184

Dit is waar dat die mens voor God alleen maar voorregte kan he, soos dat hy bv. kan lewe, eet, werk of trou. Teenoor mekaar moet hierdie voorregte egter beskerm word, en menseregte is die wyse waarop die deur God verleende voorregte in 'n sondige wêreld beskerm kan word. 185

Saaklik stel dit die kerk voor die ingrypende vraag, naamlik wat daardie sake is wat eie is aan die mens, dit wil se wat deur God bepaal is as onmisbare voorwaardes vir die verwesenliking van die mens se bestemming. 186

In die eerste plek geld vir die gelowige met nadruk die **al-Gemene Bybelse eise** van liefde, geregtigheid, reg, barmhartigheid en waarheid wat hulle aanduiding en tipering deurlopend in die Heilige Skrif vind, byvoorbeeld in die Tien Geboie, die profetiese prediking, Jesus se koninkryksetiek, en die apostoliese vermaning. 187

Tweedens is dit egter **die siening van die mens as beeld van God** wat besonder belangrik is vir die korrekte verstaan en invulling van 'n Bybels-verantwoorde beskouing oor "menseregte". God bedoel dat die mens as sy beelddraer, met sy bepaalde verantwoordelikhede, moontlikhede, opdragte, roepinge en verhoudinge tot die volle verwesenliking van sy menswees en bestemming moet kom. Hierdie moontlikhede en noodsaaklikhede vir ware menswees sou in 'n afgeleide sin as "menseregte" beskryf kon word, mits verstaan word dat dit nie die mens self, buite God om, is wat op enigiets reg sou he nie. Die regte van die mens is slegs regte omdat God, selfs na die sondeval, aan die mens sy reg skenk en beskerm. 188

Die Bybel voorsien ons nie van 'n uitgewerkte menseregtemodel nie. Tog kan ons aan die hand van die onderskeie verhoudinge waarin die mens staan en die opdragte en roeping wat hy van God ontvang het, enkele noodsaaklike regte aflei waarmee telkens bepaalde pligte saamhang. Dit moet egter duidelik ver- 189

staan word dat elke mensereg deur die wil van God begrens word.

Wat die mens in sy **geskiedenis** betref, gaan dit om die reg 190

* op 'n volle menslike bestaan: op lewe, voedsel, kleding en beskerming. 191

Wat sy **godsdiensoefening** betref, gaan dit om sy reg 192

* op vryheid van godsdiensoefening, geloof en aanbidding. 193

Wat sy **medemenslike verhoudings** betref, gaan dit onder andere om die reg 194

* om 'n huwelik te sluit, 195

* op 'n gesinslewe en kinders, 196

* op opvoeding, onderwys en opleiding, 197

* op sosiale verband en groepsidentiteit, 198

* op politieke inspraak, deelname en bedrywighede, 199

* op vrye toegang tot die geregtigheid, 'n billike verhoor en 'n menswaardige hantering in die regsprosesse, 200

* op vryheid van beweging en spraak. 201

Wat sy **kultuur- en arbeidsopdrag** betref, gaan dit om die reg 202

* op vrye assosiasie en deelname aan kulturele en arbeidsverbande, 203

* op die vrug van sy arbeid, onder meer in die vorm van 'n billike vergoeding, 204

* op 'n billike sosio-ekonomiese bestel. 205

3.3.5.4 Die huwelik in 'n veelrassige samelewing

Die unieke posisie van die mens as verteenwoordiger en beeld van God blyk ook uit die Bybelse siening van die huwelik. 206

*Gen 1:26-28;
2: 18-24
Mark 10:6
Matt 19:1vv*

Die besondere belangrikheid van die huwelik kan nie genoeg beklemtoon word nie. Volgens die Skrif is dit 'n instelling van God wat in die skepping gegrond is. 207

	Die Skrifgegewens wat vir die verstaan en beoordeling van die huwelik belangrik is, is onder meer die volgende:	208
<i>Spr 2:17</i> <i>Mal 2:14</i>	* dit is 'n daad en 'n gawe van God waarby Hyself betrokke is;	209
<i>Gen 2:18-21</i>	* in onderskeiding van die ander skepsels, bestaan die huwelik tussen twee mense wat terselfdertyd beelddraers van God is;	210
<i>Gen 1:27</i>	* die twee-eenheid in die huwelik word gevorm deur mense wat geslagtelik verskil;	211
<i>Gen 2:18,</i> <i>21:23</i>	* in hierdie verhouding is die vrou - wat uit die man geneem is - aan hom gegee om in die ruimste en innigste sin van die woord by hom te pas: as medemens, maar terselfdertyd as iemand wat hom aanvul en help;	212
<i>Gen 1:28</i>	* onder die seënend hand van die Here ontvang die getroudes die vermoë om kinders voort te bring en ook die opdrag om as God se verteenwoordigers oor sy skepping te heers;	213
<i>Matt 19:4-6</i>	* die huwelik is na sy aard en bedoeling monogaam;	214
<i>Mal 2:14-16</i> <i>Matt 19</i> <i>Ef 5 ens</i>	* die sonde het die huwelik in baie opsigte laat ontaard;	215
	* deur die genade van God is die huwelik egter nie vernietig nie en geld dit nog steeds as 'n uiters belangrike samelewingsverband of -kring.	216
<i>Gen 2:24</i>	Die huwelik berus wesenlik op 'n keuse en beslissing van twee persone wat reg het en die verantwoordelikheid aanvaar om lewenslank met mekaar in die huwelik verenig te wees. Die aanwysing dat die man sy vader en moeder sal verlaat om liggaamlik en geestelik met sy vrou verenig te word, dui op die aard en selfstandigheid van die huwelik as 'n afsonderlike lewensverband.	217
	Die feit dat die huwelik 'n afsonderlike lewensverband is, sluit egter nie uit nie dat die familie, die gemeenskap, kerk en staat elkeen op sy eie manier by die huwelik betrokke is. Hierdie betrokkenheid raak egter nie die wese van die huwelik nie, maar is op sy welwese gerig.	218
<i>Lev 18, 20:17-21</i> <i>Deut 27:20-23</i> <i>Eks 34:16</i> <i>Jes23:12</i> <i>Neh 13:27</i> <i>Eks 34:11-17</i>	Die Heilige Skrif doen geen direkte uitspraak oor rasgemengde huwelike nie. <i>Ons</i> vind in die Skrif slegs twee vorms van huweliksverbod: eerstens die ten opsigte van verbode grade van bloedverwantskap, en tweedens die teen gemengde huwelike in die sin van 'n verbintenis tussen 'n lid van God se volk en iemand uit die heidendom. Hierdie laaste verbod is godsdienst-	219

Deut 7:1-6
Eks 12:48
Num 9:14

tig gemotiveerd: Israel se godsdiens mag nie met die van die heidendom vermeng nie.

Dit alles beteken

* dat die kerk bo alles 'n tweërlei roeping in verband met die **huwelik van lidmate** het: eerstens moet hy hom positief beywer vir die bevordering en verryking van die huwelik as instelling van God. Tweedens moet hy waarsku teen die aangaan van geloofs- en godsdienstig-gemengde huwelike. Hierdie sort huwelike hou immers 'n bedreiging in vir Christene sowel as die gemeente se geloofslawe; 220

* dat die kerk 'n positiewe getuienis moet gee oor die heiligheid en belangrikheid van die huwelik as instelling van God; dat hy moet wys op die Bybelse eis dat die huweliksgenote in alle opsigte vir mekaar ware lewensmaats moet wees, en dat hy moet waarsku en waak teen elemente en faktore wat die Bybelse maatstawwe vir die huwelik ondermyn. 221

3.4 Die verantwoordelikheid van die kerk ten opsigte van groepverhoudings

3.4.1 Die kerk moet duidelik tussen die verskillende samelewingsverbande onderskei en sy eie verantwoordelikheid bepaal

Die georganiseerde kerk het nie die taak om die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ander samelewingsverbande oor te neem nie. Dit is nie sy taak om vir die staat 'n politieke program, vir die universiteit 'n akademiese beleid, vir die bank 'n finansiële stelsel en vir die sport 'n oefenprogram op te stel nie. Die koninkryk van God gaan egter vee l wyer as die kerk en sluit al die samelewingsverbande in. Daarom het die kerk die roeping om aan die gelowiges en aan al die samelewingsverbande die koninkrykseise te verkondig wat in die samelewingsverbande eerbiedig moet word. Die program ter uitvoering van hierdie verantwoordelikhede is die taak van die kundiges wat in daardie verbande aktief is. Daar is gevolglik geen enkele terrein in die samelewing, geen handeling van 'n individu of 'n groep, wat nie onder die beligting van die Woord van God geplaas moet word nie. Die kerk moet dit egter doen op 'n wyse wat eie is aan sy aard en opdrag. 222

Die primêre taak van die kerk is om die Woord van God te verkondig en sy lidmate toe te rus vir hulle dienswerk in alle lewensverbande. 223

Dit beteken

* dat die kerk in sy verkondiging lid mate moet oproep om die beginsels van die ryk van God op maatskaplike en politieke terrain deur te voer, dit wil se om alle vorme van verontregting ten sterkste af te wys; 224

* dat die kerk teen die Marxisme, kommunisme, totalitarisme, rassisme, integrasionisme en alle ander onchristelike ideologieë moet getuig; 225

* dat die kerk in sy vergaderinge sake met religieuse-etiese implikasies op 'n kerklike wyse behandel en hom so by sy eie taak bepaal. 226

3.4.2 Die kerk moet in gebed en lofprysing God loof en die diens van voorbidding vir alle mense vervul

1 Tim 2:1-2

Juis in gebed en voorbidding bring die kerk die saak van die koninkryk voor God. Die deurbraak van die koninkryk in die wêreld en die werking van die Gees waardeur dit moontlik word dat Gods wil op aarde soos in die hemel gedoen word, moet in die gebed van God afgesmeek word. Die kerk tree in vir sy eie nood en vir die nood van die Christendom. Wat kerklike verhoudings betref, bid hy vir die lewe en voorbeeld van die kerk, vir sy sending- en diakonale roeping, vir versoening, eenheid en gehoorsaamheid. Hy bid vir die samelewing in al sy verbande. Hy vra om genade dat die eise van die Woord ten opsigte van tussenmenslike verhoudings nagekom word. Die kerk moet veral in tye van krisis, in sy voorbidding die dinge voor God bring waardeur die lewe van die mense geknel en bedreig word. In sy voorbidding mag die kerk nie eksklusief of partydig wees nie. Hy moet ook daarin vir die wêreld tot voorbeeld wees deurdat hy vir vriend en vyand bid. Die kerk vervul sy versoeningstaak in die wêreld in eerste instansie in die gebed. 227

3.4.3 Die kerk moet lidmate oproep, toerus en uitstuur om in die samelewing die koms van die koninkryk te dien

Ef 4:12

Die kerk het die roeping om lidmate toe te rus vir hulle dienswerk in die wêreld. Dit beteken dat hy deur al sy werksaamhede die gemeentede moet vorm tot mondige en aktiewe burgers van die koninkryk wat op elke lewensterrein vir die koningskap van Christus stry. Die getuienis van die kerk, die gebed, die voorbeeldigheid van lewenswandel, die broederlike vermaning of bestraffing, die diakonale versorging - al hierdie funksies word ook deur lidmate in hulle daaglikse lewe vervul. So dra hulle die lewenstyl van die koninkryk in alle samelewingskringe in. 228

3.4.4 Die kerk moet vir die samelewing 'n lewende voorbeeld wees van wat God se herskeppingswerk in mense se lewens verrig.

Om sy roeping teenoor God, homself en teenoor die samelewing te vervul en sy eie verkondiging geloofwaardig te maak, moet die kerk in sy eie bestaan 'n sigbare teken en konkrete gestalte van die koninkryk van God oprig. Hy moet vir al die samelewingsverbande 'n lewende vertoonvenster wees van wat God in sy genade doen: hoe Hy verhoudings nuut maak, versoening en begrip en vrede skenk, agterdog in broederliefde omskep. 229

Matt 5:16

Teenoor die samelewingsverbande wat uit die skepping opkom, is die kerk die enigste samelewingsverband wat vrug is van God se herskepping. Die kerk is immers die eersteling van God se nuwe skepping. Die kerk is nie bedoel as alternatiewe gemeenskap wat die bestaande samelewingsverbande moet vervang nie. Midde-in die samelewing moet hy 'n eksemplariese gemeenskap wees. Dit behoort 'n gemeenskap te wees wat vir almal tot voorbeeld dien en wat in sy bestaan nie alleen 'n protes en verzet teen die sonde in al sy vorme in die samelewing is nie, maar ook 'n besielende voorbeeld is van die krag van die Heilige Gees wat ook in menseverhoudings alles nuut kan maak. Tog mag die kerk ook nie te kenne gee dat hy dit alles al het of sy doer al bereik het nie. 230